# VERGETE PAAIE

## Deel 4 – Die Pad van Integriteit

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Kan jy 'n les van jou kinderjare onthou waar iemand jou die belangrikheid van integriteit geleer het? Vertel die res van jou groep daarvan. Watter impak het dit in jou lewe gemaak?**

**Wat dink jy van die volgende stelling: *"Wanneer jy integriteit het, is dit al wat jy het; en wanneer jy nie integriteit het nie, is dit al wat jy het."***

**Hoekom dink jy het dit in ons wêreld so maklik geword om sonder integriteit te leef? In watter areas van jou lewe word jou integriteit gereeld op die proef gestel?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die volgende vrae:**

**Spreuke 20:6-7. Dink jy hierdie waarheid geld nog steeds in die tyd wat ons leef? Wat doen jy om te verseker jou woorde en dae stem ooreen?**

---

---

---

**2 Korintiërs 8:21. Na watter dinge in jou lewe kan jy wys, of watter dinge het jy in plek gestel om te verseker dat jy reg lewe? Indien daar nie iets is nie, wat dink jy is 'n moontlike eerste stap?**

---

---

---

**Spreuke 21:3. Hoekom dink jy is ons motiewe en die res van ons lewe vir God belangriker as net wat ons op 'n Sondag doen?**

---

---

---

**Psalm 15. Dawid noem 'n klomp karaktereienskappe van 'n persoon met integriteit. Wat is die belofte vir hierdie persoon in vers 5? Watter van hierdie karaktereienskappe staan vir jou uit? Verduidelik.**

---

---

---

**Spreuke 10:9. Watter invloed dink jy het die vrees om uitgevang te word op mense se gesondheid, verhoudings, slaappatrone en werksvermoë?**

---

---

---

**Matteus 5:37. Hoekom dink jy is hierdie raad van Jesus ook belangrik vir ons tyd?**

---

---

---

**In die preek is 'n kontrole lys gegee om te meet of ons met integriteit leef:**

- ☐ **Ek hou my beloftes**
- ☐ **Ek betaal my rekeninge**
- ☐ **Ek vermy valse stories**
- ☐ **Ek gee my beste by die werk**
- ☐ **Ek is eg met ander mense**

**Watter van hierdie dinge was uitdagend om te hoor? Watter aanpassings kan jy maak?**

**Indien jy gemaklik is daarmee – op watter area van jou lewe ervaar jy druk God sy vinger? Met ander woorde, watter deel van jou lewe ervaar jy is iets wat die Here vir jou uitlig na aanleiding van hierdie studie as dit kom by jou integriteit? Hoe kan jy bo verwagting/onberispelik in hierdie area leef?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**